

Vrydag 5 April

Skrifgedeelte: Genesis 49:1-12

Fokusgedeelte: Genesis 49:8-12

Leeu uit die stam van Juda

By die sterfbed van die gryse Jakob is die familie met die groot F vergader. Jakob seën sy 12 seuns, die 12 stamvaders van Israel, die kerk van Jesus Christus. Die 12 stamvaders verteenwoordig die hele kerk van die Here. Ons wat vandag kerk van Jesus Christus is, is by Jakob se sterfbed teenwoordig.

Die spanning om Jakob se bed neem toe. Ruben, die oudste, is van sy eersgeboortereg ontnem. Gaan dit oor na Simeon, die tweede? Nee. Na Levi, die derde? Ook nie. Die broers is wraaklustige moordenaars. Juda, jy is dit! Jou broers sal jou loof. Jy is 'n jong leeu. Juda word vader Jakob se wettige troonopvolger. Deur Juda maak God die pad na Christus in Betlehem oop.

Hoekom Juda? Wat uiterlike voorkoms betref, staan hy beslis nie voor in die ry nie. Wat sy leefwyse betref, ook nie. Josef, die onderkoning, troon ver bo Juda en die ander broers uit. Tog kies God vir Juda om koning te wees. Hoekom? Omdat God oneindig barmhartig en regverdig is. Hy roep wie Hy wil. Hy ontferm Hom oor wie Hy wil.

Vir dié wat God uitverkies, gee Hy ook die nodige gawes. Juda, die man wat sonde doen, is eweneens die man wat van God krag ontvang om met die sonde te breek. Oor en oor blyk Juda se berou oor sonde.

Juda se koningskap is genadige koningskap. Uit Juda word die Messias gebore. Soos Jakob op sy sterfbed sê: Silo kom. Silo is 'n direkte verwysing na Christus. Christus bedien die koningsamp volkome. Hy stry en oorwin. Christus ons Here is bevoeg om die boek van God se raadsplan oop te breek. Johannes beskryf in Openbaring 5 wat gaan gebeur tot aan die einde van die wêreld. Die nuus van vandag is lankal reeds opgeteken. In lyn met Jakob se sterfbed-profesie wys Johannes die kerk van Christus op haar plek en taak in die geskiedenis. Jy, gelowige kind van God, jy is uit genade tot koning vir ons God gemaak.

Die boodskap van Juda se seën is helder: Wees wat jy is. Beleef wat God jou in Christus gemaak het. God wat jou roep, is getrou. Hy maak jou bekwaam om in sy Naam te regeer. Doen dit dan. Regeer deur die genade van die Heilige Gees oor jouself. Stry teen die wêreld om jou: teen die duiwel, jou eie sondige natuur en die dwaling wat van buite kom. Staan op vir God se eer.

Sing: Psalm 31-1:1

Dr. GJ Meijer (Gerard) (Oos-Moot)